NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae: **Camps 4 Groups,** camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

1 Februarie 2019
Nr 04/2019

Warm nuus

- **Uitnodiging**: **Fakulteit Teologie en Religie – Universiteit van Pretoria**
  U word vriendelik uitgenooi na die jaarlikse **Akademiese Wydingsdiens** van die Fakulteit Teologie en Religie. Dit sal vir die Fakulteit 'n groot eer wees om u daar te hê en ons hoop dus dat dit vir u moontlik sal wees om by ons aan te sluit. Die diens sal deur die Dekaan, **Prof Jerry Pillay**, gelei word en ligte verversings sal na die opening bedien word.
  Datum: ***22 Februarie 2019***
  Tyd: 10:00 – 11:30
  Lokaal: Musaion, Hatfieldkampus, UP
  RSVP: *Thanyani Mahanya* [Thanyani.mahanya@up.ac.za; 012 420 3155]

Sinodenuus

- **Bybellees met 'n verskil**

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
➢ ***5 Februarie:*** Skriflesing: Jesaja 6
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Kolleganuus

- **Bevestiging**
  Frans Burger word eerskomende Sondag om 09:00 by **Rietfontein-Noord** bevestig.
  Fay van Eeden word ook eerskomende Sondag om 09:00 by **Stellastraat** bevestig.

- **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone wat in die volgende tyd verjaar:*

03/02 Yolandé Bester [Montana, 082 565 5085, pixie98@absamail.co.za]
Joggie Kotze [Dwaalboom, 065 892 5900, joggie484@gmail.com]
05/02 Tinus Benadé [Thabazimbi, 083 235 6438, mbenade@lantic.net]
06/02 Ryno Hurn [Krokodilrivier, 082 304 0946, rynohurn@yahoo.com]

****

06/02 Elize Berrangé [Monumentpark-Wes, 082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ **Monumentpark: Kursus - Excel**
Datums: ***2 en 9 Februarie 2019***
Tye: 8:00 tot 16:00
Koste: R 1 800 met ligte verversings ingesluit.
Aanbieders: Impact Financial Training Academy
Kontak: Arline Meijers by 012 347 6780 vir alle navrae en inskrywings.

❖ **Florauna: Vakature – Fasiliteitsbestuurder**
Sluitingsdatum vir aansoeke: Maandag, *11 Februarie 2019*
Kontak die Kerkkantoor: 012 546 5071 / 565 5724 of kerk@ngkflorauna.co.za
[Lees die volledige advertensie hier…]

Ander nuus

❖ **Brande in Bettysbaai/Overberg-omgewing**

Hieronder is die Bankbesonderhede van NG Kleinmond. Inbetalings moet asseblief aangedui word as *Overberg/ Bettysbaai Brande*. Navrae: *Nienie Burger,* 028 271 3268 / 028 271 3470.
ABSA
NG Kerk Kleinmond
322 015 0320
Die "Takkode" is die Internetkode: 632005"

❖ **Wupperthal hulpfonds**

Diaconia bied 'n geleentheid vir gemeentes om deel te wees van die heropbouproses in Wupperthal, 'n dorp wat onlangs onder verwoestende brande deurgeloop het. Meer as 50 huise, 'n kliniek, skoolkoshuis, stadsaal en meer is deur die brand in puin gelê. Gemeentes en individue word genooi om 'n bydrae te maak tot die Sinodale Rampfonds vir die heropbouproses.

- Lees **hier** verder hoe *Nioma Venter* (PSD: Diaconia) skryf en hoe ons kan help.

[Met dank oorgeneem uit VrydagNuus, amptelike nuusbrief van Wes-Kaapland]

Foto: BrianEngelPhotography

❖ **Excelsus kursusse**

Eendag-werkswinkel: Sweef soos 'n arend: *Inleiding tot spirituele wysheid/intelligensie* **[Lees hier verder…]**
Aangebied deur ***Dr Henry Eagleton***
Datum: ***12 Februarie 2019*** - 9:00-16:00
RSVP: Voor of op Donderdag *7 Februarie*

Reeks: Bybel en missionaliteit - "Al die nasies tot die einde van die aarde" Herontdek die Bybel se missionale stem: Sleutel en slot – missionaliteit as verstaansleutel
In hierdie eerste aanbieding word daar nagedink oor 'n missionale hermeneutiek: Wat beteken dit as mens die Bybel deur die lens van missionaliteit lees? Wat sê die Bybel oor die kerk en gelowiges wat deur God gestuur word om 'n verskil te gaan maak in die wêreld?
Datum: ***19-20 Februarie 2019***
RSVP: Voor of op *15 Februarie 2019* **[Lees hier verder…]**

'n Toer na Israel – vir almal! [Lees hier verder…]

Datum: ***21-29 November 2019***

VBO punte (30 punte vir die toer en `n verder 20 punte as jy die toer se studiestuk voltooi).

Die **deposito en registrasie** vir die toer moet voor *31 Maart 2019* inbetaal en voltooi word.

❖ Preek laboratorium

Skop in Februarie af ... nou met 48 VBO punte

Die preeklab word in 2019 by Coram Deo Gemeentesentrum in Vereeniging aangebied en loop oor 6 dae (***13-14 Februarie, 10-11 April en 12-13 Junie***).

Meer inligting oor die preeklab is beskikbaar op Coram Deo NG Gemeente se webblad by http://www.coramdeong.com.

❖ Verstaan die direkte 2020-vertaling van die Bybel - 'n Moderne Bybelvertalingskursus (UV)

Op versoek van NG Kerk Vrystaat se kantoor vir kommunikasie & kantoor van die skriba plaas ons onderstaande inligting:

Wil jy graag meer weet oor die vertalingsmetode agter die direkte vertaling van die Bybel wat in 2020 verskyn? Die **Departement Hebreeus aan die Universiteit van die Vrystaat** het 'n **3de-jaars semesterkursus in Moderne Bybelvertaling vir die tweede semester van 2019 ontwikkel** om jou nuuskierigheid te bevredig. Enige een met minstens Hebreeus 2 kan inskryf, al het jy dit 30 jaar gelede gedoen en is jou Hebreeus verroes.

- Die kursus word virtueel aangebied (*ZOOM*). Jy kan dus in jou eie studeerkamer voor jou rekenaar sit en deelneem. Jou klasmaats, die dosent en die *Powerpoint*-aanbieding sal op jou skerm vertoon en hulle sal jou en al jou vrae hoor! Julle gaan oor die invloed van nuwe ontdekkings in die grammatika, literatuur en kultuur op die 2020-vertaling praat, asook die rol wat ideologie hierin speel. Trouens, verskillende vertalings word uit hierdie hoek vergelyk... en daar is nog baie meer. Die kursus is so prakties dat dit vir jou Bybelstudie en preekmateriaal in die hand sal gee. Die koste beloop ongeveer R5 235 (RSA) en R7 625 (ander SADEC-lande).
- **Klik ook hier** vir 'n meer volledige inligtingstuk oor dié kursus.

❖ Nuwe boek oor Jeugbediening van prof Malan Nel

Youth ministry: an inclusive missional approach is prof Malan Nel se volledig bygewerkte nuwe weergawe van sy navorsing oor jeugbediening. [**Kliek hier**]

❖ Nuusbriewe

CLF-nuus

Kerkfamilie uitdaging: Bybels vir kinders met kanker

Gedurende 2018 het CLF se *Een miljoen Bybel-projek* **tydelik die fokus verskuif om Bybels in te samel vir kinders met kanker**. Dit was 'n groot sukses en CLF het skans van R95 000 se donasies ontvang vir hierdie veldtog.

Sedert die ontstaan van die Bybelprojek in Augustus 2010 tot einde 2018, het CLF 91,549 kinders geseën met hul eie Kinderbybel en bly ons harte droom om aan een miljoen kinders Bybels te gee.

Ons skop 2019 af met **'n nuwe uitdaging aan al ons geloofsgemeenskappe**. NG Kerk Ceresvallei het die inisiatief geneem om 'n uitstalling van die Storieboekbybels in hul liturgiese ruimte te doen en soos fondse geïn word om Bybels te skenk, word die Bybels dan in hul gemeenskap versprei. So sien die gemeente hoe die Bybelpiramiede krimp en die kinders van hul gemeenskap geestelik versterk word. Op Sondag 27 Januarie het die NGK Ceresvallei-gemeente die projek aangegryp en ds Jandré Viljoen se uitdaging om die Bybels binne 40 dae geborg en te versprei en woeker nou om God se woord op hierdie manier by kinders uit te kry.

CLF maak nou die Bybels wat deel is van die projek, teen 'n spesiale afslagprys beskikbaar. God se Kinders kos nou slegs R70, Vertel my meer R35 en die Ja!Kleuter reeks R75 vir vyf boekies.

NG Kerk Ceresvallei daag alle Christelike kerke en families uit om dieselfde te doen!

Kontak ons by 021 873 6964 of stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za om jou besending vandag nog te bestel. Hou ons asb op hoogte van julle vordering met fotos en verhale waar kinders met Bybels geseën word.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Knellende droogte op baie plekke in ons land, veral die Noord-Kaap en die Vrystaat.
- Onrus in Zimbabwe as gevolg van ekonomiese en ander uitdagings.
- Onderwys (Biddag vir Opvoeding en Onderwys 10 Februarie)

Proponente en ander vakatures

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

★ **Gelegitimeerde proponente 2016**

Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2017**

Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**

Stian Bloem [083 443 5993, stianab@gmail.com]
Freddie de Lange [freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Marco Koch [073 428 2709, marco2koch@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*

Ten slotte

Pasop dit is vreeslik warm daar buite!!



BYLAES

Excelsus kursusse

Alle navrae kan gerig word aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012-420 6738.

Eendag-werkswinkel: Sweef soos 'n arend: *Inleiding tot spirituele wysheid/intelligensie*

Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om die volgende eendag-werkswinkel aangebied deur ***Dr Henry Eagleton*** in samewerking met Excelsus by te woon:

Datum: ***12 Februarie 2019*** - 9:00-16:00
Waar: NG Stellastraat (Suidoos-Pretoria), h/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof
Koste: R 780-00 per persoon (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)
VBO: 6 punte
Inskrywingsvorm: Kliek hier - Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
RSVP: Voor of op Donderdag *7 Februarie*

Terug

Reeks: Bybel en missionaliteit - "Al die nasies tot die einde van die aarde" Herontdek die Bybel se missionale stem: Sleutel en slot – missionaliteit as verstaansleutel

In hierdie eerste aanbieding word daar nagedink oor 'n missionale hermeneutiek: Wat beteken dit as mens die Bybel deur die lens van missionaliteit lees? Wat sê die Bybel oor die kerk en gelowiges wat deur God gestuur word om 'n verskil te gaan maak in die wêreld?

Datum: ***19-20 Februarie 2019***
Plek: NG Gemeente Suidoos-Pretoria/Stellastraat, H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof.
Aanbieder: Dr André Bartlett en ds Leon Westhof
Koste: R380
VBO: 25 punte

[Kliek hier vir die inskrywingsvorm]

'n Toer na Israel – vir almal!

Datum: ***21-29 November 2019***

Kom toer hierdie jaar November saam na Israel en bekom `n jaar se VBO punte (30 punte vir die toer en `n verder 20 punte as jy die toer se studiestuk voltooi).

Hierdie studietoer na Israel is onder leiding van *dr Lodewyk Sutton* en *prof Fanie Snyman* wat die Ou Testament agtergrond en konteks sal dek, asook *prof Francois Tolmie* wat op die Nuwe Testament agtergrond en konteks sal fokus.

Kom en beleef Joppe, Caesarea, Karmel berg, Nasaret, Galilea, Beth Shean, Jerigo, Betlehem, Jerusalem, Masada, Ein Gedi en kom swem in die Dooie see. Kom loop saam in die spore van onder andere Elia, Dawid, Petrus, Paulus, Pontius Pilatus, Filippus, Cornelius en beleef iets van Jesus se jonger (Betlehem, Nasaret), volwasse (Kapernaum) en laaste dae (op die Via Dolorosa) op aarde.

Die **deposito en registrasie** vir die toer moet voor *31 Maart 2019* inbetaal en voltooi word, die res van die kostes kan 8-6 weke voor die toer inbetaal word.

Kontak Lodewyk Sutton vir meer inligting by suttonl@ufs.ac.za

Terug

Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie (Dr Henry Eagleton)

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

Naam en van	
Selfoonnommer	

E-pos			
Huidige gemeente		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Registrasie	Fooi	**R780 (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)**
	Kursus	**Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie**
	Kursusdatum	**12 Februarie 2019 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)** **H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof**
	Sluitingsdatum	**7 Februarie 2019**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan** excelsus@up.ac.za
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
Bankbesonderhede vir elektroniese betalings: Bank: ABSA Naam van rekening: TSO Rekeningnommer: 142 0830 463 Takkode: 632005 Tak: PRETORIA		

"Al die nasies tot die einde van die aarde"
Herontdek die Bybel se missionale stem

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

Naam en van			
Selfoonnommer			
E-pos			
Huidige gemeente		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	Vegetariër		Diabeet		Ander	

Registrasie	Fooi	**R380,00 per persoon**
	Kursus	**"Al die nasies tot die einde van die aarde" Herontdek die Bybel se missionale stem**
	Kursusdatum	**19-20 Februarie 2019 (08:30 – 16:30)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat) H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof**
	Sluitingsdatum	**15 Februarie 2019**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan** excelsus@up.ac.za
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
Bankbesonderhede vir elektroniese betalings: Bank: ABSA Naam van rekening: TSO Rekeningnommer: 142 0830 463 Takkode: 632005 Tak: PRETORIA		

Terug

MODULE: MODERNE BYBELVERTALING IN DIE VAK HEBREEUS

Aangebied deur die Universiteit van die Vrystaat

In die lig van die vrystelling van die Bybel, 'n Direkte vertaling in November 2020 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, bied die Departement Hebreeus by die Universiteit van die Vrystaat vir belangstellende dominees wat beskik oor ten minste tweedejaars-hebreeus. of reeds derdejaars-hebreeus, 'n derdejaar semestermodule aan in moderne Bybelvertaling in die vak Hebreeus, gedurende die tweede semester (Julie tot November) van 2019.

Aanbiedingsmodus:
Die module "Moderne Vertalings" word virtueel aangebied met die rekenaarprogram Zoom (soos Skype - net baie meer stabiel en geskik vir klaswerk, gratis beskikbaar), asof 'n student op die kampus/residensieel is. Dit is nie afstandsonderrig soos UNISA nie. Studente word in groepe van ongeveer 10 ingedeel wat 'n klas vorm. Hulle besluit in oorleg met die dosent(e) op 'n tyd wat almal pas. Daar is gewoonlik twee kontaksessies (50 minute elk), per week. Indien nodig kan daar 'n tutoriaal van 50 minute per week bygevoeg word. Studente sien die dosent en medestudente op die kleinskermpies, asook die inligting wat normaalweg op 'n dataprojektor sal wees op sy/haar rekenaarskerm. Alhoewel studente elkeen in hulle studeerkamers in hulle stad of dorp is, neem hulle deel asof hulle in 'n klaskamersituasie is. Zoom werk in die meeste lande in die buiteland. Een van die toelatingsvereistes is dat 'n Zoom-toets met elke

voornemende student gedoen word om te bepaal of voldoende kontak gemaak kan word, sodat die module afgelewer en verhoed kan word dat klasgeld betaal word vir iets wat nie haalbaar is nie.

Doel van die module:
Die doel van die module is om vertaalkundige geletterheid te skep ten opsigte van die 2020-vertaling in Afrikaans. Sommige van die temas wat behandel sal word, is soos volg:
i) Hoe Bybelvertaling in die 21ste eeu as 'n komplekse proses verstaan moet word, teenoor die reduksionistiese benaderings van Bybelvertalings in die modernistiese en postmodernistiese eras van die 20ste eeu.
ii) Die verskillende generasies van Bybelvertaling in die laaste helfte van die 20ste eeu en waar die 2020-vertaling inpas en hoe dit saamhang met die nuwe ontwikkelinge in die 21ste eeuse Bybelvertalings, byvoorbeeld die belangrike CEB (Common English Bible) van 2013 en ander nuwe vertalings.
iii) Hoe verskil die vertaling van die 2020-vertaling van die 1933/53-vertaling en die 1983-vertaling, asook die kommersiële vertalings in Afrikaans (byvoorbeeld, die Nuwe Lewende Vertaling, ens)?
iv) Die rol van ideologie in Bybelvertaling: Kan ideologie in vertalings in vertaal word? Watter ideologie is ter sprake in die vorige vertalings en watter moontlike ideologie is in die 2020-vertaling teenwoordig?
v) Spesifieke kenmerke van vertaalekwivalente van die 2020-vertaling, byvoorbeeld hoe is nefesh = siel, en tehom = oerwater vertaal en die samehang daarvan met die Nabye Oosterse wêreldbeeld?
vi) Hoe is sleutelterme vertaal veral waar dit verskil van die vorige vertalings, byvoorbeeld "marjolein" in plaas van "hisop"; hoe is gekies vir "dank", "sing", "prys", "loof"; "liefdestrou", ens? Hier sal ons sistematies deur die vertaling werk om die belangrikste tendense aan te dui. Die meeste tyd in die module sal hieraan spandeer word vir die praktiese waarde vir preke, Bybelstudie en teologiese interpretasie.
vii) Die aard en rol van die paratekste/metatekste (byvoorbeeld voetnote, opskrifte, ens) in die 2020-vertaling.
viii) Watter nuwe ontwikkelinge in die Bybelhebreeuse grammatika (byvoorbeeld in Van der Merwe, Naudé en Kroeze se Biblical Hebrew Reference Grammar (Second edition, London: Continuum/T&T Clark, 2017), neerslag in die 2020-vertaling gevind het en nie in die vorige Afrikaanse vertalings nie. Die groot klem is op nuwe konstruksies wat ontdek is sedert die vorige vertalings en hoe dit in die 2020-vertaling vertaal is.
ix) Onopgeloste probleme.

Praktiese voorbeelde:
i) In die 2020-vertaling word akrostiek aangedui met die Hebreeuse letters self en hulle benamings, byvoorbeeld, Psalm 119 en Klaagliedere 1-4. Deur die ontleding van die vertaalstrategie van die akrostiese gedeeltes in die 2020-vertaling, word die Hebreeuse alfabet terselfdertyd hersien. Ons meen dat leraars hierdie kenmerk wat aansluit by die 1933/1953-vertaling, maar deur die 1983-vertaling geïgnoreer is, aan lesers sal moet verduidelik (hoe moet ons dit verstaan?), alhoewel dit in die paratekste (voetnote en woordelys) kortliks verduidelik is.
ii) Die spellingverandering van sekere eiename sal ook met die hersiening van die alfabet verduidelik word.
iii) Hoe voorsetsels vertaal is (nuwe navorsing oor voorsetsels is inaggeneem), sal byvoorbeeld aan die hand van die implikasies vir die weergee van die Nabye Oosterse konsepsie van ruimte wat met die Nabye Oosterse wêreldbeeld saamhang [OP = lewe, AF=dood] en wat in die vertaling so weergegee word, hersien word.

Verroeste Hebreeus:
Ten opsigte van stand van leesvaardigheid in Bybelhebreeus: 'n Deel van elke lesing in die module behels 'n stapsgewyse hersiening van die grammatika van Bybelhebreeus, wat geïntegreer word met die implikasies van vertaling. Prakties beteken dit dat iemand wie se kennis van Hebreeus verroes is, aan die module sal kan deelneem. Ons sal begin met die Hebreeuse alfabet. Stelselmatig sal deur die grammatika gewerk word en telkens sal die implikasie vir die 2020-vertaling en hoe dit daar hanteer is, bespreek word.

Assessering:
Daar is deurlopende evaluering in die vorm van werkstukke en die eindassessering is 'n summatiewe werkstuk. Die oogmerk van die Hebreeuse departement is om funksioneel te wees vir die werk van die kerk. Die opdragte word so beplan dat dit direk bruikbaar en toepasbaar is in 'n gemeente.

Aanbiedingstaal:
Die taalbeleid van die Universiteit vereis dat modules in Engels aangebied word. Aangesien die fokus in die module op Bybelvertaling in Afrikaans sal val en daar vir 'n besondere groep, wat die inhoud in Afrikaans verder sal gebruik en oordra, voorsiening gemaak word, voorsien ons dat die module hoofsaaklik in Afrikaans sal wees, maar indien nodig ook in Engels (veral wanneer kundiges in die vakgebied wat net Engels magtig is, benut word). Sekere bronne in Vertaalkunde en Bybelvertaling, asook die Biblical Hebrew Reference Grammar, Second Edition, 2017 is tans net in Engels beskikbaar, maar Afrikaanse aantekeninge sal verskaf word. Dieselfde beleid word ook met ons Sesotho-studente gevolg.

Koste:
Die benaderde totale koste hiervolgens is R5 235.00 vir Suid-Afrikaanse studente in die RSA. Vir burgers van SADEC-lande, byvoorbeeld Namibië, is die koste R7 625.00, indien SADEC-burgers in die betrokke SADEC-land studeer.

Registrasie:
Voornemende studente doen aansoek en registreer as geleentheidstudente. Die eerste en belangrikste stap van 'n voornemende student is om die voorneme aan die departementshoof, *prof Cynthia Miller-Naudé* by millercl@ufs.ac.za, bekend te maak. Sy sal die spesifieke prosedure aan die student verduidelik en saam met die departementele administrateur, mnr Sello Thinane, elke voornemende student deur die proses van aansoek en registrasie lei.

Die sluitingsdatum vir aansoeke vir die Tweede Semester is nog onseker, maar sal waarskynlik gedurende Maart 2019 wees. Studente wat vir die Tweede Semester (15 Julie 2019 tot 25 Oktober 2019) wil registreer moet asseblief so gou as moontlik hulle voorneme aan *prof Cynthia Miller-Naudé* by millercl@ufs.ac.za bekend maak.
Verdere navrae kan ook aan *prof Jacobus Naudé* by naudej@ufs.ac.za, of 078 458 9982 gerig word.

Terug

Nuwe boek oor Jeugbediening
Prof Malan Nel

Youth ministry: an inclusive missional approach is prof Malan Nel se volledig bygewerkte nuwe weergawe van sy navorsing oor jeugbediening. Prof Nel se belangstelling in jeugbediening het beslag gekry in sy proefskrif (1982), wat weer aanleiding gegee het tot 'n eerste, bygewerkte verwerking hiervan in sy boek uit 1998 oor jeugbediening. Nou gaan die gesprek voort.

"This book's target group is fellow academics on the national and international platform. It aims at contributing to the scientific and academic discourse as regards to the 'what' and 'why' of youth ministry. In the past, too often youth ministry has been approached from a mainly practical point of view, almost asking how we keep young people off the streets. Its methodology has often not included the theological and theoretical presuppositions that lie behind this ministry. Previous scientific reflection has been determined by a one-dimensional and almost exclusive point of view. In comparison with existing literature, this book, however, does not focus so much on the 'how' of youth ministry. It innovates a different approach. The book challenges the existing exclusive approach and develops an inclusive, congregational and missional understanding of and approach to youth ministry. The author finds himself agreeing even more today than when he first developed his understanding of youth ministry in his dissertation (published 1982) and in the first Afrikaans edition of this book in 1998, that there is no room for the so-called 'future church heresy' (Sara Little 1968). *Read further."*

Terug

FLORAUNA
VAKANTE POS: FASILITEITSBESTUURDER

Werksure
2 weeksdae: 2 ure per dag.
Sondae: 6 ure per Sondag.
Ad-hoc geleenthede soos benodig.

Vaardighede en Ondervinding:
- Tegniese vaardighede (vir onderhoud van geboue)
- Rekenaarvaardig
- Georganiseerd en pligsgetrou
- Tegniese leiding en ondersteuning van personeel
- Goeie menseverhoudinge/kommunikasievaardigheid/empatie
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê
- Sistematies

Pligte sluit o.a. die volgende in:
- Reëlings en ondersteuning ten opsigte van funksies.

- Tegniese leiding van instandhoudingspersoneel.
- Verantwoordelikheid vir instandhouding van geboue en terrein.
- Koördinering van gemeentelede wat op vrywillige basis by sommige take betrokke raak.
- Hantering van besprekings vir troues, begrafnisse en ander geleenthede.
- Batebestuur.
- Daaglikse monitering en uitvoer van elektroniese dagboek, taaklys en e-posse.

Geldige rybewys en eie voertuig

Kontak asseblief die Kerkkantoor of e-pos u CV
Tel. : 012 546 5071 / 565 5724
Wanda : 067 136 7585
E-pos : kerk@ngkflorauna.co.za

Sluitingsdatum: MAANDAG, *11 FEBRUARIE 2019*

Terug